Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*ICATNA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit:

   AFDELING A (25 punte)
   AFDELING B (75 punte)
   AFDELING C (50 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Moenie in die regterkantlyn skryf nie.

6. Laat ŉ reël oop na elke subvraag.

7. Daar word gewoonlik EEN punt per feit toegeken. Dus sal ŉ 2 punt-vraag TWEE feite vereis, ens.

8. Alle antwoorde MOET met Rekenaartoepassingstegnologie verband hou.

9. Antwoorde soos 'goedkoper', 'vinniger'/'stadiger' en 'makliker' sal SLEGS aanvaar word indien dit saam met ŉ rede of ŉ verduideliking gebruik is.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 D.

1.1 Watter EEN van die volgende eenhede verwys na verwerkerspoed?

A GHz
B dpi
C mbps
D ppm (1)

1.2 Watter EEN van die volgende akronieme het te doen met sagtewarelisensiëring?

A GGK (‘*GUI*’)
B WWW
C WLAN
D ELO (‘*EULA*’) (1)

1.3 Hoe stoor vaste toestand (‘*solid state*’) hardeskywe data in teenstelling met tradisionele hardeskywe?

A Opties
B Magneties
C Skyf
D Elektronies (1)

1.4 Watter EEN van die volgende kriteria sal rekords vertoon, gebaseer op ŉ veldwaarde wat met 'ad' eindig?

A ad*
B ad
C a*d
D *ad (1)

1.5 Die hooftaak van die Skyfskoonmaak-nutsprogram (‘*Disk Cleanup*’) is om …

A foute op ŉ skyf te soek.
B tydelike of ongebruikte lêers uit te vee.
C die hardeskyf te formateer wanneer dit vol is.
D lêers te herorganiseer en verwante lêers bymekaar te hou. (1)

1.6 Watter EEN van die volgende akronieme word NIE met hardeware geassosieer nie?

A HDD
B NKK (‘*NIC*’)
C OSS
D BJET (‘*BYOD*’) (1)

1.7 Watter EEN van die volgende spesifikasies is ʼn aanduiding dat ʼn rekenaartoestel Wi-Fi kapasiteit het?

A Ethernet
B 802.11 ac
C FireWire
D i7 (1)

1.8 ʼn ISO-gradering is ʼn spesifikasie van ...

A digitale kameras.
B drukkers.
C monitors.
D projektors. (1)

1.9 Die vinnigste of doeltreffendste manier om inligting vanaf ʼn groot groep mense te kry, is deur van die ... gebruik te maak

A soekenjin.
B wiki.
C onderhoud.
D meningsopname. (1)

1.10 Watter EEN van die volgende is die beste voorbeeld van ʼn ‘goeie’ of ‘sterk’ wagwoord?

A 0841288744
B Qwertyuiop
C MyPasword
D T2Lu$K006 (1)

**[10]**

## VRAAG 2: PASITEMS

Kies ŉ term/begrip uit KOLOM B wat by ŉ beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 R.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | ŉ Hardeware toestel wat gebruik word om rekenaars teen kragstuwings en kragonderbrekings te beskerm | A | ontwerpaansig (‘*design view*’) |
| 2.2 | Dit vorm deel van die stelselprogrammatuur en word gebruik om die gebruiker te help om instandhouding van die rekenaar te doen | B | fragmentasie |
| 2.3 | ŉ Stel reëls waarvolgens ŉ randapparatuur-toestel met die rekenaar kommunikeer wanneer dit met die rekenaar verbind is | C | absolute selver-wysing |
| 2.4 | Die verskillende dele van die lêers kan oor die skyf versprei raak, wat veroorsaak dat die rekenaar stadiger word | D | bibliografie |
| 2.5 | Die plasing en formatering van teks op papier en op webblaaie | E | tipografie |
| 2.6 | ŉ Formele dokument wat gebruik word om fokus aan ŉ vergadering te verleen deur die punte wat bespreek gaan word aan te dui | F | memo |
| 2.7 | ŉ Verwysing na ŉ bron wat in ŉ spesifieke instansie gebruik word, en word in die teks, direk na die inligting waarna verwys word, gevind | G | veld |
| 2.8 | ŉ Selverwysingsformaat wat verhoed dat die kolomletter en/of die rynommer in ŉ funksie verander wanneer die funksie na ŉ ander sel gekopieer word | H | relatiewe selver-wysing |
| 2.9 | ŉ Enkele feit of die kleinste eenheid van data binne ŉ databasis | I | ‘datasheet view’ |
| 2.10 | ŉ Vertoonmodus in Access waarin die inhoud van ŉ tabel in rye en kolomme vertoon word | J | OKT (‘*UPS*’) |
| | | K | defragmentasie |
| | | L | agenda |
| | | M | templaat |
| | | N | Sitaat (‘citation’) |
| | | O | nutsprogramme |
| | | P | inprop-en-speel (‘*plug and play*’) |
| | | Q | rekord |

(10 x 1) **[10]**

## VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is. Verander die onderstreepte woorde(e) om die stelling WAAR te maak. (Jy mag nie net die woord 'NIE' gebruik om die stelling te verander nie. GEEN punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR neergeskryf word NIE.)

**VOORBEELDE:**

| VRAAG | ANTWOORD |
|---|---|
| **Google** is die wêreld se gewildste soekenjin. | Waar |
| ŉ **NKK ('NIC')** het gleuwe vir hardeware komponente soos die SVE ('CPU'). | Onwaar – moederbord |

3.1 Die sentrale verwerkingseenheid is die belangrikste program wat alle aktiwiteite in die rekenaar beheer. (1)

3.2 ŉ *Nutswenk* ('*Tooltip*') is ŉ wenk wat vertoon word as jy die merker op ŉ ikoon of objek rus. (1)

3.3 Vryware ('*Freeware*') hou gewoonlik op werk as die toetstydperk verby is. (1)

3.4 ŉ Merkblokkie ('*Check box*') laat die gebruiker een uit ŉ gegewe stel opsies kies. (1)

3.5 Die koppelvlak is die manier waarop die verskillende funksies van programme aangebied en vertoon word en dit gee gebruikers ŉ manier om programme te gebruik en met die rekenaar te kommunikeer. (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B

## VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

4.1 Die volgende spesifikasies word aangedui betreffende die geheue en stoor-kapasiteit van die rekenaar.

*1 GB DDR2-667 184 pin ETG (‘RAM’)*
*160 GB SATA II 7200 rpm hardeskyf*

Kopieer die volgende tabel in jou ANTWOORDEBOEK en voltooi dit deur die stoor-kapasiteit en kapasiteit van die geheue te verskaf asook deur te onderskei tussen die twee begrippe. (4)

| | GEHEUE | STOOR |
|---|---|---|
| **Kapasiteit** | | |
| **Verskil** | | |

4.2 In ŉ advertensie, word na ŉ koordlose sleutelbord en muis verwys. (2)

4.2.1 Noem TWEE metodes wat algemeen gebruik word om toestelle koordloos te koppel.

4.2.2 Vergelyk die twee metodes met betrekking tot:

(a) Reikafstand
(b) Lyn van sig (4)

4.3 Die meeste nuwe sagteware wat geskryf word het gewoonlik ŉ programfout (‘*bug’)* in. Twee algemene maniere om programfoute reg te maak is om gebruik te maak van regstellings (‘*patches’)* en dienspakkette (‘*service packs’)*.

4.3.1 Wat word met ŉ *programfout* (‘*bug*’) bedoel? (1)

4.3.2 Verduidelik kortliks die verskil tussen ŉ *regstelling* (‘*patch’)* en *ŉ dienspakket* (‘*service pack’)* deur na die essensiële kenmerk van elkeen te verwys. (2)

4.4 Rugsteunnutsprogramme stel gebruikers in staat om kopieë van sekere lêers of ŉ hele hardeskyf op ŉ ander stoormedia te maak.

4.4.1 Waarvoor word rugsteunkopieë gebruik? (1)

4.4.2 Watter stoormedium sal jy voorstel indien jy groot hoeveelhede lêers vir ŉ lang termyn wil rugsteun? (1)

4.4.3 Jy kan ook jou lêers argiveer (‘*archive*’). Verduidelik die term *argivering* (‘*archiving*’) in hierdie konteks. (2)

4.5 Jy het ŉ nuwe skootrekenaar met ŉ gratis aanlynstoorfasiliteit gekoop.

4.5.1 Verduidelik wat *aanlynstoor* is. (1)

4.5.2 Noem TWEE voordele van aanlynstoor. (2)

4.5.3 Noem TWEE nadele van aanlynstoor. (2)

4.5.4 Verduidelik die term *perseelwaarborg ('on-site-warranty')* wat saam met die skootrekenaar aangebied word. (1)

4.6 Bedryfstelsels bevat spesiale instellings en nutsprogramme om rekenaars meer toeganklik vir gestremde mense te maak.

Noem TWEE voorbeelde van hierdie instellings en nutsprogramme. (2)

**[25]**

## VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

5.1 Gee DRIE potensiële nadele van ʼn koordlose LAN in vergelyking met ʼn gekabelde LAN. (3)

5.2 Meeste organisasies maak van bedieners (‘servers’) gebruik.

5.2.1 Wat is die algemene funksie van enige bediener (‘server’) op ʼn netwerk? (1)

5.2.2 Gee TWEE redes hoekom ʼn organisasie ʼn Internet (‘*proxy*’)-bediener sou gebruik.
Moenie enige antwoord wat jy op VRAAG 5.2.1 genoem het, herhaal nie. (2)

5.2.3 Noem TWEE soorte bedieners (‘servers’) wat dikwels in groter organisasies aangetref word, behalwe ʼn Internet (‘*proxy*’)-bediener. (2)

5.2.4 Watter algemene term word gegee vir enige rekenaartoestel wat netwerkbronne gebruik? (1)

5.3 Verduidelik die doel van ʼn ‘*switch*’ in ʼn netwerk. (1)

5.4 Hoekom benodig rekenaars deesdae selde ʼn afsonderlike NKK (‘*NIC*’) (netwerkkoppelvlakkaart) om die rekenaar aan ʼn netwerk te koppel? (1)

5.5 Gee die naam van ʼn soort netwerkkabel wat die meeste gebruik word om rekenaars aan ʼn LAN te konnekteer. (1)

5.6 Beskryf kortliks wat ʼn sleutelvaslegger (‘*keylogger’)* doen as dit op ʼn rekenaar geïnstalleer is en verduidelik waarom sleutelvasleggers (‘*keyloggers’)* as kwaadwillige programmatuur (‘*malicious software*’) beskou word. (2)

5.7 Hoe sal ʼn RSS-voer op ʼn blog tot voordeel van sy gebruikers wees? (1)
**[15]**

## VRAAG 6: INLIGTINGBESTUUR

6.1 ŉ Vraelys is ŉ metode wat gebruik word om die opinie van mense in ŉ ondersoek te verkry.

6.1.1 Noem TWEE redes waarom dit altyd beter is om geslote vrae te gebruik in die samestelling van ŉ vraelys vir navorsingsdoeleindes. (2)

6.1.2 Noem TWEE riglyne, behalwe die gebruik van geslote vrae, wat in gedagte gehou moet word wanneer ŉ vraelys saamgestel word,. (2)

6.2 Noem EEN ander moontlike bron van inligting, uitsluitend ŉ vraelys, wanneer jy navorsing oor ŉ spesifieke onderwerp doen. (1)

6.3 Wat word met die term *plagiaat* bedoel? (1)

6.4 Verduidelik die verskil tussen *data* en *inligting*. (2)

6.5 Hoe kan ŉ mens die invoer van duplikaatrekords wanneer data in ŉ databasistabel vasgelê word voorkom? (1)

6.6 Verduidelik waarom baie akademiese-instellings nie hulle studente toelaat om Wikipedia as ŉ bron aan te haal nie. (1)
**[10]**

## VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1 Noem TWEE alternatiewe vir ŉ muis wat deur fisies-gestremde mense gebruik kan word. (2)

7.2 Noem EEN manier waarop jy jou skootrekenaar aan jou lessenaar kan vasmaak (sluit). (1)

7.3 Elektrisiteit is ŉ baie duur hulpbron.

Noem DRIE maniere waarop jy elektrisiteit kan spaar wanneer jy van elektroniese toestelle soos skootrekenaars en rekenaars gebruik maak. (3)

7.4 Sosiale manipulasie (‘*social engineering*’) het werklik ŉ bedreiging vir rekenaargebruikers vandag geword.

7.4.1 Verduidelik kortliks wat *sosiale manipulasie* (‘*social engineering*’) is. (1)

7.4.2 Noem TWEE voorsorgmaatreëls wat jy kan tref om te verhoed dat jy ŉ slagoffer van sosiale manipulasie (‘*social engineering*’) via ŉ e-pos word. (2)

7.5 Spioensagteware (‘s*pyware*’) word ŉ groot probleem vir rekenaargebruikers.

Wat is die doel van spioensagteware (‘s*pyware*’)? (1)
**[10]**

## VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING

8.1 Gee EEN voordeel daarvan om 'n dokument in konsep-modus ('*draft*-mode') te druk. (1)

8.2 Gee EEN voordeel en EEN nadeel daarvan om 'n *Word*-dokument as 'n lêer met die uitbreiding .TXT te stoor voordat dit versprei word.

Onderskei duidelik in jou antwoord tussen die voordeel en die nadeel. (2)

8.3 Verduidelik waarom dit soms noodsaaklik is om die Soek Hele Woorde alleen-opsie ('*Find whole words only* option') te gebruik wanneer 'n mens die Soek en Vervang-aksie ('*Find and Replace action*') in *Word* uitvoer. (Jy mag 'n voorbeeld gebruik om jou antwoord te verduidelik.) (1)

8.4 Die huidige datum is as 'n veld in 'n *Word*-dokument bygevoeg, met die datumformaat: MMM DD

Hoe sal die datum vertoon as die dokument op Vrydag 18 Augustus 2019 oopgemaak word? (1)

8.5 Noem die soorte inkeping wat gebruik is om die woord '*Tips'* soos in die volgende skermkopie van 'n *Word*-dokument, een sentimeter links van die hoofliggaam van die paragraaf, te plaas?




(1)

8.6 Die operateur ^ kan in *Excel* gebruik word om die resultaat van die uitdrukking 2 x 2 x 2 te lewer.
(d.i. =2^3)

Gee die naam van 'n *Excel*-funksie wat, in plaas van die ^-operateur, gebruik kan word om dieselfde resultaat te lewer. (1)

8.7 Bestudeer die volgende funksie wat in sel H25 van 'n sigblad voorkom, en beantwoord die vrae wat volg.

**=IF(G1>=90,distinction," ")**

8.7.1 Gestel die waarde 80 word in sel G1 ingetik. Wat sal in sel H25 vertoon? (1)

8.7.2 Verduidelik waarom die funksie 'n foutboodskap sal lewer as die waarde 90 in sel G1 ingetik word. (1)

8.8 Gee EEN eienskap van ŉ databasistabel, behalwe die gebruik van ŉ navraag, wat gebruik kan word om net sekere rekords te vertoon. (1)

8.9 Die volgende *Access*-navraag is veronderstel om die name en die aantal blikkies te vertoon van leerders in klasse 11A en 11B, wat elk minstens 50 blikkies vir ŉ herwinningsprojek bymekaargemaak het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Field: | Name | Class | Cans |
| Table: | Recycling | Recycling | Recycling |
| Sort: | | | |
| Show: | ☑ | ☐ | ☐ |
| Criteria: | | "11A" And "11B" | at least 50 |
| or: | | | |

Gee DRIE redes hoekom hierdie navraag NIE die korrekte resultaat sal lewer nie. Dui in elke geval aan hoe die ontwerp van die navraag verander moet word om die korrekte resultaat te lewer. (3)

8.10 Gee EEN rede hoekom die stel van ŉ veld as ŉ primêre sleutel in ŉ data-basis tot beter kwaliteit data in die databasis kan bydra. (1)

8.11 Gee EEN geskikte voorbeeld om aan te toon dat al is ŉ databasis ontwerp om te verseker dat die data altyd *geldig* is, dit nie kan verseker dat die data noodwendig altyd *korrek* is nie. (1)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 75**

## AFDELING C

### VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

Jou skoolhoof het jou gevra om jou RTT-vaardighede te gebruik om raad oor die vestiging van ŉ aanlyn skoolkoerant te gee. Rekenaartoerusting sal vir hierdie doel aangekoop moet word.

9.1 Stel TWEE voorbeelde van toepassingsagteware voor wat moontlik geïnstalleer sal moet word om die publikasie van die skoolkoerant te vergemaklik. (2)


9.2 Noem TWEE voordele van die gebruik van kabels om die rekenaars in die LAN netwerk te koppel. (2)

9.3 Skakels na die koerantartikels sal op sosiale media gepos word.

Noem TWEE voordele van die gebruik van Facebook om die koerant te deel. (2)

9.4 Gee TWEE redes hoekom GOBS (*'FOSS'*) in plaas van eiendomsregtelike sagteware by die nuuskantoor gebruik moet word. (2)

9.5 Die foutboodskap hieronder het op een van die rekenaars in die koerant-kantoor verskyn, wat voorkom het dat opdaterings gekry word.




9.5.1 Bespreek TWEE moontlike redes vir die fout. (2)

9.5.2 Noem EEN implikasie van die foutboodskap. (1)

9.6 Die rekenaar werk uit die bloute vreeslik stadig. Noem TWEE ander maniere, behalwe om stadig te werk, hoe die skool sal weet of hulle rekenaars virusse op het of nie. (2)

Kopiereg voorbehou 

9.7 ŉ Databasistabel met outeur- en artikelname as velde sal gebruik word om die inligting oor leerders wat tot die inhoud in die koerant bydra, te stoor.

9.7.1 Bespreek TWEE redes waarom dit beter, in die geval, sou wees om ŉ vorm te gebruik om data vas te lê. (2)

9.7.2 Noem TWEE databasishulpmiddels (*'tools'*) wat gebruik kan word om vas te stel wie die meeste artikels tot die koerant bygedra het. (2)

9.8 Gee TWEE redes waarom dit ŉ goeie beleid sou wees om USB-poorte by verstek (*'default'*) op die LAN in die koerantkantoor buite werking te stel? (2)

9.9 Dit is belangrik dat ŉ organisasie ŉ Beleid vir Aanvaarbare Gebruik (‘*AUP*’) het.

9.9.1 Verduidelik kortliks wat ŉ *Beleid vir Aanvaarbare Gebruik* (‘*AUP’)* is. (1)

9.9.2 Bespreek TWEE redes hoekom ŉ Beleid vir Aanvaarbare Gebruik (‘*AUP*’) nodig is. (2)

9.9.3 Bespreek DRIE sake wat in ŉ skool se Beleid vir Aanvaarbare Gebruik (‘*AUP’*) ingesluit of aangespreek moet word. (3)
**[25]**

**VRAAG 10**

Jou skool is gekies om die provinsiale atletiekbyeenkoms aan te bied. Die administrasie van die vergadering sal op rekenaars gedoen word. Jou RTT-klas is gevra om die skool by te staan met enige rekenaarverwante navrae wat hulle mag hê.

10.1 Jy besluit om ŉ blog of ŉ webtuiste op te stel om enige IKT-verbonde vrae te beantwoord.

10.1.1 Wat is ŉ *blog*? (1)

10.1.2 Noem TWEE redes vir die gebruik van ŉ blog in plaas van ŉ webtuiste. (2)

10.1.3 Een van die hoofde verkies om ŉ poslys (‘*mailing list*’) te gebruik.

Verduidelik kortliks wat ŉ *poslys* (‘*mailing list’*) is (1)

10.2 Die hoofde gaan groot hoeveelhede foto’s en video’s op hulle rekenaars stoor.

Verduidelik aan hulle DRIE maniere hoe hulle stoorspasie sonder die gebruik van ŉ eksterne hardeskyf kan vry maak. (3)

10.3 Vir die administrateurs om seker te maak dat net spesifieke afrigters op die veld toegelaat word, stel jy die gebruik van biometriese sekuriteit voor.

Lys TWEE beperkinge van vingerafdrukherkenning. (2)

10.4 Atlete wat aan die langafstande deelneem is van RFID-merkers (‘*tags’)* voorsien.

10.4.1 Verduidelik kortliks wat ŉ *RFID-merker* (‘*tags’)* is. (2)

10.4.2 Watter voordeel sal die feit dat die atlete RFID-merkers (‘*tags’)* het, vir die organiseerders van die wedloop inhou? (2)

10.5 Die komiteelede wil graag elkeen ŉ verslag na die byeenkoms via e-pos ontvang. Jy kom agter dat jy nie kan onthou waar jy die dokument gestoor het of wat die lêernaam is nie.

10.5.1 Lys TWEE soekkriteria of parameters wat jy sou insluit wanneer jy vir die dokument soek. (2)

10.5.2 Wat is die verskil tussen die gebruik van die 'Cc'- en die 'Bcc'-velde wanneer jy ŉ e-pos stuur? (2)

10.6 Een van die hoofde wil graag die byeenkoms bestuur deur van ŉ databasis gebruik te maak.

Verduidelik aan hom wat die verskil tussen ŉ *geldigheidsreël* (‘*validation rule’*) en *geldigheidsteks* (‘*validation text*’) is. (2)

10.7 Een van die webblaaie van die Oos-Kaap Atletiekwebtuiste vertoon nie die opskrif nie. Die opskrif Oos-Kaap Atletiek Byeenkoms moet gesentreer, in vetdruk, onderstreep en kursief wees soos hieronder aangedui:

***<u>Oos-Kaap Atletiek Byeenkoms</u>***

Herskryf en korrigeer die HTML ‘*tags’* hieronder sodat dit korrek kan vertoon.

</body>

</body>

</centre><b><u><i>Oos-Kaap Atletiek Byeenkoms</u></b></centre> (4)

10.8 Soos hulle tik, verander die woordverwerker outomaties die Suid-Afrikaanse spelling na die Amerikaanse spelling, bv. ‘colour’ na ‘color’.

Noem die funksie van ŉ woordverwerker wat dit laat gebeur en verduidelik hoe om dit in die toekoms te verhoed. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

## AFDELING A

### VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1 A
1.2 D
1.3 D
1.4 D
1.5 B
1.6 C
1.7 B
1.8 A
1.9 D
1.10 D **[10]**

### VRAAG 2: PASITEMS

2.1 J
2.2 O
2.3 P
2.4 B
2.5 E
2.6 L
2.7 N
2.8 C
2.9 G
2.10 I **[10]**

### VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

*(<u>Nota aan nasiener</u>: In Vraag 3.1, 3.3 en 3.4, aanvaar die korrekte term selfs as onwaar nie neergeskryf is nie. MOENIE 'n punt toeken as slegs ONWAAR neergeskryf is NIE.)*

3.1 Onwaar – Bedryfstelsel ('*Operating system*') (1)

3.2 Waar (1)

3.3 Onwaar – Deelware ('*Shareware*') (1)

3.4 Onwaar – '*Radio button*' (1)

3.5 Waar (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B

## VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

<table>
<tr><td>4.1</td><td colspan="2"><table><tr><td></td><td>GEHEUE</td><td>STOOR</td></tr><tr><td>Kapasiteit</td><td>1 GB ✓</td><td>160 GB ✓</td></tr><tr><td>Verskil</td><td>Tydelik ✓<br>Benodig elektrisiteit<br>Elektronies en vinnig<br>(Enige EEN van)</td><td>Permanent ✓<br>Geen elektrisiteit nodig<br>Meganies en stadig<br>(Enige EEN van)</td></tr></table></td><td>4</td><td>4</td></tr>
<tr><td>4.2</td><td>4.2.1</td><td>Bluetooth ✓ en Infrarooi ✓</td><td>2</td><td rowspan="2">6</td></tr>
<tr><td></td><td>4.2.2</td><td><table><tr><td></td><td>BLUETOOTH</td><td>INFRAROOI</td></tr><tr><td>(a) Reikafstand</td><td>Verder ✓</td><td>Nader ✓</td></tr><tr><td>(b) Lyn van sig</td><td>Hoef nie in sig te wees nie ✓</td><td>Moet in sig wees ✓</td></tr></table></td><td>4</td></tr>
<tr><td>4.3</td><td>4.3.1</td><td>ʼn Programfout (‘bug’) is ʼn programmeringsfout in die kode van ʼn rekenaarprogram wat ontstaan wanneer die sagteware ontwikkel word. ✓</td><td>1</td><td rowspan="2">3</td></tr>
<tr><td></td><td>4.3.2</td><td><u>Regstelling (‘Patch’)</u>: Opdatering om ʼn spesifieke programfout (‘bug’) in sagteware reg te stel (het gewoonlik met die sekuriteit te doen). ✓<br><u>Dienspakket (‘Service pack’)</u>: Dit is ʼn uitgawe van alle regstellings vir programfoute (‘bugs’) in ʼn program ASOOK alle nuwe kenmerke van die program sedert die eerste uitgawe van die program; dit word met gereelde tussenposes deur maatskappye uitgegee en is groter as regstellings (‘patches’). ✓</td><td>2</td></tr>
<tr><td>4.4</td><td>4.4.1</td><td>Om data verlies te voorkom<br>OF<br>Om ʼn duplikaatstel lêers te hê, vir ingeval iets fout gaan ✓</td><td>1</td><td rowspan="3">4</td></tr>
<tr><td></td><td>4.4.2</td><td>Eksterne hardeskyf ✓ / Wolkberging</td><td>1</td></tr>
<tr><td></td><td>4.4.3</td><td>Stoor van lêers wat staties is op ʼn sekondêre stelsel of DVD ✓ ingeval jy nodig het om die data te herwin aangesien die oorspronklike data uitgevee, korrup geraak het of vernietig is. ✓</td><td>2</td></tr>
<tr><td>4.5</td><td>4.5.1</td><td>Aanlynstoor verwys na stoorspasie op bedienerrekenaars op die Internet wat aan persone toegeken word. ✓</td><td>1</td><td rowspan="2"></td></tr>
<tr><td></td><td>4.5.2</td><td>• Toegang vanaf enige plek ter wêreld, vanaf enige toestel met Internettoegang.<br>• Veranderings word op een plek gemaak en alle toestelle het altyd die nuutste weergawes van die data.<br>• Rugsteun en sekuriteit word deur die maatskappy wat stoorspasie voorsien, verskaf.<br>• Maklik om lêers met ander mense te deel.<br>• As jou rekenaar gesteel word, of jou huis afbrand, ens. kan toegang tot data steeds verkry word. (Enige TWEE ✓✓)</td><td>2</td></tr>
</table>

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 4.5.3 | • Slegs toeganklik deur middel van die Internet.<br>• Sommige data kan onbruikbaar wees oor stadige konneksies.<br>• Jy betaal vir die stoor van die data en die koste van oplaai en aflaai van data.<br>• As die maatskappy bankrot raak, verloor jy al jou data.<br>• Jy het nie beheer oor rugsteun en sekuriteit nie.<br>(Enige TWEE ✓✓) | 2 | |
| | 4.5.4 | 'n Ooreenkoms dat enige herstelwerk aan die rekenaar gedoen sal word op die perseel waar die skootrekenaar geleë is. ✓ | 1 | 6 |
| 4.6 | • Vergroot 'n area op die skerm<br>• Teks na spraak<br>• Vergroot die muismerker<br>• Verhoog kontraste vertoonstellings<br>• Vertoon visuele notas wanneer die rekenaar 'n geluid maak<br>• *'Sticky keys'* en '*slow keys'*<br>• Stemherkenning<br>• Gebruik raakskerms en sleutelborde (Enige TWEE: ✓✓) | | 2 | 2 |
| | | | | **[25]** |

## VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.1 | • Sekuriteit kan ŉ probleem wees as WLAN nie reg gekonfigureer is nie ('meeluistering')<br>• Ongemagtigde gebruikers kan jou Internetkonneksie gebruik, wat jou geld kos ('abba')<br>• Afname in werkverrigting (namate aantal rekenaars wat gekoppel is vermeerder)<br>• Seinprobleme (as gevolg van elektroniese of elektriese steurings)<br>• Ekstra apparatuur (soos koordlose toegangspunte) word benodig<br>*(Moenie nadele wat ook vir <u>gekabelde</u> LAN's geld, aanvaar nie, bv. as lêerbediener foutief is, het niemand toegang tot hul lêers nie)*<br>(Enige DRIE nadele: ✓✓✓) | | 3 | 3 |
| 5.2 | 5.2.1 | Om bronne / dienste ✓ aan ander (kliënt-) rekenaars te voorsien<br>*(Antwoord moet geld vir die algemene funksie van <u>enige</u> bediener)* | 1 | |
| | 5.2.2 | • Voorsien (gedeelde) Internettoegang<br>• Voorsien sentrale punt vir sekuriteit / firewall<br>• Voorsien sentrale beheerpunt teen kwaadwillige programmatuur / virusse<br>• Kan Internettoegang vinniger maak (deur webblaaie te stoor / kas)<br>• Kan Internettoegang / watter webtuistes besoek word beheer (aanvaar spesifieke voorbeelde), ens.<br>(Enige TWEE voordele van ŉ 'proxy'-bediener (behalwe enige antwoord gegee vir vraag 5.2.1) ✓✓) | 2 | |
| | 5.2.3 | • Lêerbediener<br>• E-posbediener<br>• Drukkerbediener<br>• Databasisbediener<br>• Webbediener (Enige TWEE ✓✓) | 2 | |
| | 5.2.4 | Kliënt ✓ | 1 | 6 |
| 5.3 | Gebruik om rekenaars te konnekteer sodat kommunikasie kan plaasvind ✓ | | 1 | 1 |
| 5.4 | Die NIC is gewoonlik ŉ geïntegreerde deel van die moederbord ✓ | | 1 | 1 |
| 5.5 | OKT ('*UTP*') ✓ | | 1 | 1 |
| 5.6 | • ŉ Sleutelvaslegger ('*Keylogger*') hou rekord van sleuteldrukke wanneer jy tik ✓<br>• Hulle kan sensitiewe inligting soos wagwoorde registreer en na ŉ derdeparty toe aanstuur (om vir misdaad / bedrog te gebruik) ✓ | | 2 | 2 |
| 5.7 | • Opdaterings word outomaties na mense gestuur<br>• Nie nodig om gedurig na die webruimte te gaan om vir nuwe inligting te kyk nie (Enige EEN ✓) | | 1 | 1 |
| | | | | **[15]** |

## VRAAG 6: INLIGTINGBESTUUR

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | 6.1.1 | • Dit is makliker vir deelnemers om vanaf die opsies te kies.<br>• Makliker om data in te lees.<br>• Makliker om die data te prosesseer deur middel van ŉ sigblad.<br>• Die doel van die vraelys kan aangepas word volgens die behoefte van die navorsing. (Enige TWEE redes ✓✓) | 2 | |
| | 6.1.2 | • Behoorlike inleiding tot die vraelys sodat deelnemers weet wat die doel van die vraelys is.<br>• Vrae moet kort en op die man af wees.<br>• Bedank die deelnemers vir hul deelname aan die einde van die vraelys.<br>• Maak ook voorsiening om basiese inligting van deelnemers soos hul name, ouderdom, ens. te bekom. (Enige TWEE riglyne ✓✓) | 2 | 4 |
| 6.2 | • Publikasies<br>• Onderhoude<br>• Elektroniese media (Enige EEN ✓) | | 1 | 1 |
| 6.3 | Om ŉ ander persoon se woorde te gebruik en dit as jou eie aan te bied. ✓ | | 1 | 1 |
| 6.4 | • Data is ongeprosesseerde feite. ✓<br>• Inligting is geprosesseerde data wat sin maak. ✓ | | 2 | 2 |
| 6.5 | • Gebruik ŉ primêre sleutel<br>• Gebruik indeksering (Geen duplikate) kenmerk (‘*property*’) (Enige EEN ✓) | | 1 | 1 |
| 6.6 | Die inhoud daarvan kan nie geverifieer of aan enige outoriteit toegedig word nie. ✓ | | 1 | 1 |
| | | | | **[10]** |

## VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7.1 | • '*Joystick'*<br>• Raakblad/Raakpaneel<br>• Raakskerm<br>• *'Trackball'*<br>• *'Head control'*<br>• *'Eye control'* (Enige TWEE: ✓✓) | | 2 | 2 |
| 7.2 | Deur van Kensingtonslotte gebruik te maak ✓ | | 1 | 1 |
| 7.3 | • Skakel toestelle af wanneer nie in gebruik nie.<br>• Maak gebruik van *'energy star'*-toestelle.<br>• Gebruik LED-monitors wat minder elektrisiteit gebruik.<br>• Pas die helderheid van die skerm aan vir minder elektrisiteitsverbruik.<br>• Stel jou rekenaar op *SLAAP/HIBERNEER*-modus wanneer daar vir ŉ tyd geen handeling was nie. (Enige DRIE: ✓✓✓) | | 3 | 3 |
| 7.4 | 7.4.1 | Sosiale manipulasie is die manipulasie van mense om toegang tot hulle geheime, data, rekenaars of persele te kry. ✓<br>**OF**<br>Sosiale manipulasie is foefies wat van mense se sosiale gedrag, emosies en gewoontes gebruik maak, om hulle so ver te kry om data weg te gee of dinge te doen wat hulle nie behoort te doen nie. | 1 | |
| | 7.4.2 | • Skandeer e-pos-aanhegsels voor jy hulle oopmaak.<br>• Moenie e-posboodskappe oopmaak as jy nie die afsender ken nie.<br>• Moet nooit op skakels in e-posse klik as jy nie die bron vertrou nie.<br>• Moenie elke e-posboodskap glo nie. DINK voor jy iets doen.<br>• Moenie vreemdes naby jou data vertrou nie.<br>• Wees suspisieus en skepties oor aanbiedinge waar jy eers iets moet doen of gee voordat jy iets kan kry. (Enige TWEE ✓✓) | 2 | 3 |
| 7.5 | Sagteware wat probeer om te monitor en rekord te hou van hoe jy jou rekenaar gebruik en dan hierdie inligting sonder jou toestemming na ander derde partye stuur. ✓ | | 1 | 1 |
| | | | | **[10]** |

## VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.1 | • gebruik minder ink/laserdrukstof (*toner*) – dus goedkoper<br>• bevorder groen rekenaarverwerking<br>• druk vinniger (Enige EEN voordeel ✓) | 1 | 1 |
| 8.2 | **Enige EEN voordeel:** ✓<br>• kleiner lêergrootte<br>• kan deur amper enige toestel of toep (‘*app* ‘)gelees word, d.i. draagbaarheid<br><br>**EEN nadeel**: ✓<br>• alle formatering is daarmee heen | 2 | 2 |
| 8.3 | Sodat *Word* net heelwoorde vervang (ooreenstemmend met die letters in die ‘Find’-hokkie), nie dele van woorde of gedeeltelike ooreenstemmings nie ✓<br><br>*(Aanvaar enige geskikte voorbeeld ter illustrasie van die beginsel)* | 1 | 1 |
| 8.4 | Aug 18 ✓ | 1 | 1 |
| 8.5 | Hangende inkeping ✓ | 1 | 1 |
| 8.6 | POWER ✓ | 1 | 1 |
| 8.7 | 8.7.1 Niks / ‘leeg’ ✓ | 1 | |
| | 8.7.2 "onderskeiding" (die value_if_false) nie tussen dubbel aanhalingstekens nie ✓ | 1 | 2 |
| 8.8 | Filter ✓ | 1 | 1 |
| 8.9 | • Class kriteria moet "11A" or "11B" (of oor twee rye) wees ✓<br>• Cans kriteria moet be >=50 (of >49) wees ✓<br>• Vertoon hokkie (‘*Show box’*) vir Cans moet ʼn regmerkie hê / gekies wees ✓ | 3 | 3 |
| 8.10 | <u>Enige EEN REDE</u>: ✓<br>• Kan gebruik word om te verseker dat daar geen duplikaatrekords is nie<br>• Primêre sleutelveld kan nie leeg gelaat word nie | 1 | 1 |
| 8.11 | <u>Aanvaar enige EEN geskikte voorbeeld</u>: ✓<br><br>• ʼn Selfoonnommer het 10 syfers, maar die nommer is verkeerd<br>• ʼn Van kom in ʼn veld vir vanne voor, maar dit is die verkeerde van | 1 | 1 |
| | | | **[15]** |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | | **75** |

## AFDELING C

## VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 9.1 | • Woordverwerker: Microsoft Word/Libre Office Writer<br>• Dokument-uitgewer: Microsoft Publisher<br>• Webontwikkelingshulpmiddel: Dreamweaver/Frontpage/Notepad++<br>• Deurblaaier: Internet Explorer/Edge/Chrome/Firefox<br>• Prentmanipulasiesagteware: Photoshop/Gimp, etc.<br><br>*(Nota aan nasiener: Aanvaar slegs een korrekte voorbeeld van elke tipe sagtewaretoepassing)* (Enige TWEE voorbeelde ✓✓) | | 2 | 2 |
| 9.2 | • Beter sekuriteit<br>• Beter dataoordragspoed<br>• Nie deur die weer of fisiese toestande geaffekteer nie<br>(Enige TWEE voordele ✓✓) | | 2 | 2 |
| 9.3 | • Groter gehoor<br>• Mense kan op artikels kommentaar lewer<br>• Outomatiese kennisgewings oor nuwe artikels aan gehoor<br>• Analise van gehoor is moontlik (Enige TWEE voordele ✓✓) | | 2 | 2 |
| 9.4 | • Bronkode is in GOBS ('FOSS') beskikbaar<br>• GOBS ('FOSS') is gratis<br>• Eiendomsregtelike sagtewarekode is nie beskikbaar nie<br>• Eiendomsregtelike sagteware is dalk nie verniet nie (Enige TWEE redes ✓✓) | | 2 | 2 |
| 9.5 | 9.5.1 | • Daar is geen Internetkoppeling nie<br>• Rekenaar het 'n virus<br>• Voorkom deur netskans (*'firewall'*) instellings<br>• Nie 'n gelisensieerde kopie van Windows nie<br>(Enige TWEE redes ✓✓) | 2 | |
| | 9.5.2 | • Windows sal kwesbaar vir bedreigings wees<br>• Programfoute (*'Bugs'*) in bedryfstelsel of ander toepassings sal nie reggemaak word nie<br>• Nuwer eienskappe sal nie bygevoeg word nie<br>(Enige EEN implikasie ✓) | 1 | 3 |
| 9.6 | • Lêers begin skielik onverklaarbaar verdwyn<br>• Programme werk nie meer reg nie<br>• Daar is skielik 'n dramatiese afname in beskikbare spasie op die hardeskyf<br>• Die gebruiker ontvang foutboodskappe wat hy nog nie tevore gekry het nie<br>• Die rekenaar laai nie meer nie<br>• Jou anti-virusprogram sê vir jou dat daar 'n bedreiging is, of dat jy 'n virus het<br>(Enige TWEE maniere: ✓✓) | | 2 | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 9.7 | 9.7.1 | • Gebruikersvriendelike uitleg<br>• Laat toe om slegs een rekord op 'n slag te sien<br>• Prente kan vir visuele aantreklikheid bygevoeg word<br>• Dit sal potensieel meer akkurate data verskaf as die stelsel geskik ontwerp is<br>• Die stelsel kan vinnig aangepas word as daar addisionele data bygevoeg moet word, ens. (Enige TWEE redes ✓✓) | 2 | |
| | 9.7.2 | • Navraag<br>• Filter<br>• Sorteer (Enige TWEE ✓✓) | 2 | 4 |
| 9.8 | | • Mag datadiefstal voorkom<br>• Mag kwaadwillige sagteware ('*malware*') vanaf eksterne stoortoestelle voorkom<br>• Mag voorkom dat onnodige data op die rekenaar gelaai word (Enige TWEE redes ✓✓) | 2 | 2 |
| 9.9 | 9.9.1 | 'n Beleid om die regte en verantwoordelikhede van gebruikers te omskryf in netwerkomgewings. ✓ | 1 | |
| | 9.9.2 | • Beskryf duidelik wat gebruikers mag en nie mag doen nie, om hulle te beskerm wanneer hulle rekenaars gebruik en aanlyn werk<br>• Sluit basiese netiketreëls en verantwoordelike rekenaargebruik in, sowel as ander regulasies wat die organisasie mag nodig ag om beperkings wat verband hou met die gebruik van die Internet te implementeer<br>• Dien as 'n kontrak tussen die organisasie en die gebruiker om te omskryf wat gebruikers mag en nie mag doen nie, sowel as die moontlike gevolge indien die beleid oortree word<br>• Plaas die onus om die netwerk verantwoordelik en eties te gebruik op die gebruiker (Enige TWEE redes ✓✓) | 2 | 3 |
| | 9.9.3 | • 'n Gedragskode wat gebruikers inlig en riglyne bevat vir hul gedrag wanneer die rekenaarnetwerk en Internet gebruik word ten opsigte van veilige gebruik, privaatheid, ens.<br>• Detail oor waar en wanneer draagbare stoortoestelle soos flash-skywe en draagbare media spelers gebruik mag word<br>• Detail oor beperkings insake die installering van enige apparatuur of programmatuur<br>• Prosedure wat gevolg moet word indien gebruikers agterkom dat hulle die slagoffers van identiteitsdiefstal, skadelike programmatuur soos virusse, kuberafknouing of kuber-afloerdery is<br>• Wenke om plagiaat en die oortreding van kopieregwette te vermy<br>• Die gevolge van oortreding van die regulasies in die Beleid vir Aanvaarbare Gebruik ('*AUP*') moet duidelik gestel word (Enige DRIE: ✓✓✓) | 3 | 3 |
| | | | | **[25]** |

## VRAAG 10

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10.1 | 10.1.1 | ŉ Informele webtuiste wat uit ŉ versameling artikels in die formaat van ŉ aanlyndagboek bestaan ✓ | 1 | |
| | 10.1.2 | • ŉ Blog is makliker om op te stel en in stand te hou.<br>• Makliker om nuwe nuus te volg, en die nuutste pos is altyd bo.<br>• Verskaf beter funksies vir kommunikasie via poste.<br>• Versameling template is beskikbaar om blogs op te stel.<br>• Groot hoeveelheid webtuistes wat blogs gratis sal bedien.<br>• Enige relevant antwoord. (Enige TWEE redes ✓✓) | 2 | |
| | 10.1.3 | ŉ Lys e-pos adresse van mense met dieselfde belangstellings<br>**OF**<br>Dit laat toe dat ŉ e-posse na die poslys gestuur word, en dan versprei word aan al die mense op die poslys. ✓ | 1 | 4 |
| 10.2 | | • Maak die herwinningsdrom (‘*recycle bin*’) leeg<br>• Skraap tydelike lêers<br>• Gebruik ŉ program om lêers saam te pers<br>• Skraap enige koekies (‘*cookies*’)<br>• Gebruik skyfskoonmaak (‘*disk clean up*’) (Enige DRIE ✓✓✓) | 3 | 3 |
| 10.3 | | • Dit sal nie werk indien die deelnemer geen vinger het nie.<br>• Besering tot die vinger soos snye, mag verhoed dat dit herken word.<br>*(Nota aan nasiener: enige relevante respons moet aanvaar word.)*<br>(Enige TWEE ✓✓) | 2 | 2 |
| 10.4 | 10.4.1 | RFID maak van klein radiotoestelle gebruik ✓ om data te stoor en uit te saai. ✓ | 2 | |
| | 10.4.2 | Maklik om op te tel wanneer hulle by spesifieke punte verby gaan ✓ sonder om fisies die nommers op te teken. ✓ | 2 | 4 |
| 10.5 | 10.5.1 | • Datum laas verander – gedurende die laaste maand<br>• Lêertipe – dokument<br>• Frase in die dokument (Enige TWEE ✓✓) | 2 | |
| | 10.5.2 | **CC** stuur ŉ kopie na ander belangstellende mense en die name is sigbaar aan alle ontvangers ✓<br>**Bcc** lys nie sigbaar is aan al die ontvangers nie ✓ | 2 | 4 |
| 10.6 | | ŉ Geldigheidsrëel maak seker dat net sekere data in spesifieke velde ingelees kan word ✓ waar die geldigheidsteks die foutboodskap bevat wat vertoon word indien die geldigheidsrëel verbreek word. ✓ | 2 | 2 |
| 10.7 | | <body> ✓<br><centre>✓<b><u><i>Oos Kaap Atletiek Byeenkoms</i>✓</u></b></centre><br></body> ✓ | 4 | 4 |
| 10.8 | | Autocorrect ✓<br>Skakel autocorrect af OF verander die taal na Suid Afrikaanse Engels ✓ | 2 | 2 |
| | | | | **[25]** |
| | | | | |
| | | **TOTAAL AFDELING C:** | | **50** |
| | | **GROOTTOTAAL:** | | **150** |

Kopiereg voorbehou